Hierdie pos sluit twee regskennisgewings in: (1) die Verenigde State Lufthansa Klasaksie Kennisgewing van Skikking; en (2) die Kanadese Lufthansa Klasaksie Kennisgewing van Skikking.

U is miskien ‘n lid van meer as een klas.

Lees asseblief beide kennisgewings.

DIT IS DIE VERENIGDE STATE LUFTHANSA KLASAKSIE KENNISGEWING VAN SKIKKING

BELANGRIKE REGSKENNISGEWING AAN ALLE LUFTHANSA SKIKKINGSKLASLEDE

VERSEND AAN KORPORATIEWE HOOFKWARTIER/REGSPRAKTISYN (INDIEN TOEPASLIK)

UNITED STATES DISTRICT COURT
EASTERN DISTRICT OF NEW YORK
(VERENIGDE STATE DISTRIKHOF OOSTERLIKKE DISTRIK VAN NEW YORK)

IN RE AIR CARGO SHIPPING SERVICES ANTITRUST LITIGATION (LUGVRAG VERSKEPINGSDIENSTE ANTITRUST LITIGASIE) MDL Nr. 1775	Meesterdossier 06-MD-1775 (JG) (VVP)

KENNISGEWING VAN VOORGESTELDE KLASAKSIE SKIKKING MET VERWEERDERS DEUTSCHE LUFTHANSA AG, LUFTHANSA CARGO AG, EN SWISS INTERNATIONAL AIR LINES LTD. IN DIE BEDRAG VAN $85 MILJOEN

Aan: ALLE PERSONE WIE LUGVRAG VERSKEPINGSDIENSTE VAN ENIGE LUGVRAG KARWEIER VIR LUGVRAG VERSKEPINGS BINNE, NA, OF VAN DIE VERENIGDE STATE VAN 1 JANUARIE 2000 TOT 11 SEPTEMBER 2006, INSLUITENDE PERSONE WIE LUGVRAG VERSKEPINGSDIENSTE DEUR VRAGKARWEIERS AANGEKOOP HET.

LEES ASSEBLIEF DIÉ VOLLEDIGE KENNISGEWING SORGVULDIG. U REGTE KAN MOONTLIK AANGETAS WORD DEUR 'N REGSGEDING TANS IN AFWAGTING IN HIERDIE HOF. HIERDIE KENNISGEWING DIEN OM U IN TE LIG OOR U KEUSES BETREFFENDE DIE KLASAKSIE, INSLUITEND WAT U MOET DOEN INDIEN U IN DIE $85 MILJOEN SKIKKINGSFONDS WIL DEEL.

Hierdie Kennisgewing is uitgereik ingevolge Rule 23 of the Federal Rules of Civil Procedure and an Order of the United States District Court for the Eastern District of New York (Rëel 23 van die Vederale Rëels van Siviele Prosesrag en 'n Bevel van die Verenigde State Distrikhof vir die Oosterlikke Distrik van New York) (die "Hof").

Die doel van dié Kennisgewing is om u in te lig van die hangende klasaksie regsgeding (die "Aksie") en van 'n gedeeltelike skikking van die Aksie met verweerders Deutsche Lufthansa AG, Lufthansa Cargo AG, en Swiss International Air Lines Ltd. (gesamentlik "Lufthansa"). Die Aksie beweer dat Lufthansa en die ander Verweerders (omskryf hieronder) wie nie deel vorm van dié skikking,

Verenigde State antitrust- en staatswetgewing oortree het aangaande die verkoop van Lugvrag Verskepingsdienste (omskryf hieronder). Om die eis teen hulle op te los betreffende lugvrag verskeping binne, na, of van die Verenigde State, het Lufthansa ooreengekom om $85 miljoen te betaal en samewerking te verleen in die vervolging van eise teen die oorblywende Verweerders.

Die Hof sal 'n openbare Regverdigheidsverhoor op 12 Desember 2008 voer om te oorweeg of die Lufthansa Skikkingsooreenkoms goedgekeur moet word. Die doel van die Regverdigheidsverhoor is om te beslis of die Lufthansa Skikkingsooreenkoms regverdig, redelik, en voldoende is.

U keuses word later in dié Kennisgewing beskryf en is soos volg saamgevat:

1. **Bly in die Lufthansa Skikkingsklas en dien 'n Eisvorm in.** Indien u dié Kennisgewing per pos ontvang het, het u alreeds 'n Eisvorm saam met dié Kennisgewing ontvang. Indien u dié Kennisgewing aanlyn nagaan, of 'n afskrif op 'n ander wyse dan pos van die Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikkings) Eis Administrateur ontvang het, kan u 'n Eisvorm aanlyn by www.aircargosettlement.com versoek of deur die Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikkings) Eis Administrateur te skakel: V.S. en Kanada (Tolvry) op 1 (800) 749-3518; of Internasionaal (Tol) op 1 (941) 906-4822. 'n Volledige lys tolvry en tol Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikkings) telefoon nommers per land is met die afstuur van hierdie Kennisgewing ingesluit, en die lys is ook aanlyn beskikbaar.

2. **Versoek skriftelik om van die Lufthansa Skikkingsklas uitgesluit te word.** Indien u versoek om uitgesluit te word, sal u nie geregtig wees op deelname aan die Lufthansa Skikking. Indien u uself nie van die Lufthansa Skikkingsklas uitsluit nie, sal u verbonde wees aan die Vrywaring indien die Hof 'n bevel van goedkeuring van die Lufthansa Skikkingsooreenkoms uitreik. Inligting betreffende uitsluiting is hieronder vermeld en beskikbaar by www.aircargosettlement.com.

3. **Bly in die Lufthansa Skikkingsklas maar teken beswaar aan.** Indien u nie uitsluiting van die Lufthansa Skikkingsklas versoek, kan u moontlik lid van die Lufthansa Skikkingsklas bly en 'n Eisvorm indien, maar terselfdertyd beswaar neem aan enige opsig van die Lufthansa Skikking. Die sperdatum om beswaar te opper is 12 November 2008.

4. **Doen Niks.** Indien u uself nie van die Lufthansa Skikkingsklas uitsluit nie en u nie 'n Eisvorm indien nie, sal u nie in aanmerking kom vir vergoeding van die Lufthansa Skikkingsfonds nie en sal u Lufthansa vrywaar van die eise wat in die Vrywaring beskryf word.

I. AGTERGROND VAN DIE GEDINGVOERING

A. Wat is 'n Klasaksie Regsgeding?

'n Klasaksie is 'n regsgeding waarin enkele verteenwoordigende eisers 'n regsgeding teen verweerders instel op eie onthalwe en onthalwe van ander persone in soortgelyke omstandighede. Die verteenwoordigende eisers, die Hof, en regspraktisyne aangestel om die klas te verteenwoordig het almal die verantwoordelikheid om te verseker dat die belange van alle klaslede voldoende verteenwoordig word. Van belang, is dat klaslede NIE afsonderlik verantwoordelik vir die prokureursfooie of litigasiekostes van Klas Regspraktisyn nie. In 'n klasaksie is prokureursfooie en litigasiekostes betaal deur die skikkingsfonds (of hofuitspraak bedrag) en moet deur die Hof goedkeur word.

Wanneer ‘n klas ‘n voorgestelde skikking met ‘n verweerder aangaan, soos dié skikking met Lufthansa, dan vereis die Hof dat die klas in kennis gestel word van die skikking en die geleentheid gegun om gehoor te word. Die doel van die Regverdigheidsverhoor is om te beslis of die Lufthansa Skikkingsooreenkoms regverdig, redelik, en voldoende is.

B. Samevatting van die Aksie

In dié Aksie, beweer Eisers dat Lufthansa en die ander Verweerders saamgesweer het om die prys van Lugvrag Verskepingsdienste te beheer, verhoog, handhaaf of stabiliseer deur bybetalings (fooie wat die lugvragkarweiers bo en behalwe normale skepingskoers hef vir spesifieke ekstra kostes, soos ‘n “brandstofbybetaling” of ‘n “sekuriteitsbybetaling”) te koördineer, gesamentlik ooreenkomstig om pryskorting te voorkom, ooreenkomstig oor opbrengs en kliënt toewysing, alles in oortreding van die Verenigde State se antitrustwetgewing en staatswetgewing. As gevolg van hierdie beweerde gedrag, beweer Eisers dat hulle en die ander lede van die Klas meer betaal het vir Lugvrag Verskepingsdienste as wat hulle sou betaal het in die afwesigheid van dié beweerde gedrag. Bowendien Lufthansa, is die “Verweerders” wie genoem is in dié regsgeding:

AC Cargo LP
Aerolineas Brasileiras S.A (d/b/a Absa Cargo Airline)
Air Canada
Air China Cargo Company Ltd. (d/b/a Air China Cargo)
Air China Ltd. (d/b/a Air China)
Air Mauritius Ltd.
Airways Corporation of New Zealand Ltd. (d/b/a Airways New Zealand)
Alitalia Linee Aeree Italiane S.p.A.
All Nippon Airways Co., Ltd.
Asiana Airlines, Inc.
Atlas Air Worldwide Holdings, Inc.
British Airways PLC
Cargolux Airlines International S.A.
Cathay Pacific Airways, Ltd.
DAS Air Ltd. (d/b/a Das Air Cargo)
El Al Israel Airlines
Emirates Airlines (d/b/a Emirates)
Ethiopian Airlines Corp.
Japan Airlines International Co., Ltd.
Kenya Airways Ltd.
KLM Royal Dutch Airlines
Korean Airlines Co., Ltd.
LAN Airlines S.A. (f/k/a LAN Chile S.A.)
Lan Cargo S.A.
Martinair Holland N.V.
Nippon Cargo Airlines Co., Ltd.
Polar Air Cargo, Inc.
Qantas Airways Ltd.
Scandinavian Airline Systems AB
Saudi Arabian Airlines, Ltd.
Singapore Airlines Cargo PTE, Ltd.
Singapore Airlines, Ltd.
Société Air France
South African Airways (Proprietary), Ltd.
Thai Airways International Public Co., Ltd.
Viação Aérea Rio-Grandense, S.A. (“VARIG”)

Deur die Skikkingsooreenkoms met die Eisers aan te gaan, erken Lufthansa nie dat dit besig was met die onwettige gedrag wat in die Aksie beweer is nie. Indien Lufthansa nie die Skikkingsooreenkoms met die Eisers aangegaan het nie, sou Lufthansa ’n aantal verwere gehandhaaf het teen die Eisers se aansprake. Bowendien, het Lufthansa aan die U.S. Department of Justice Antitrust Division (V.S. Departement van Justisie se Antitrust Afdeling) se begenadigingsprogram ingeskryf, wat voorsiening maak vir begenadiging van korporasies wat onwettige antitrust aktiwiteite op ‘n vroe stadium aan die Regering se ondersoekers rapporteer; onder die Antitrust Criminal Penalty and Enhancement and Reform Act of 2004, Pub. L. No. 208-137,118 Stat. 665 (June 22, 2004) (“ACPERA”) (Antitrust Kriminele Straf en Verbetering en Hervorming Wet van 2004, Pub. L. Nr. 208-137,118 Stat. 665 (22 Junie 2004) (“ACPERA”)), is Lufthansa se moontlike aanspreeklikheid in sivielereg aanmerklik beperk, onderhewig aan Lufthansa se voorsiening van samewerking met Eisers soos uiteengesit in ACPERA.

Nóg Eisers nóg Lufthansa het hulle bewerings bewys. Die Hof spreek geen opinie uit of Eisers se beweerings korrek is of Lufthansa of enige van die Verweerders betrokke is met enige wangedrag.

C. Definisie van die Lufthansa Skikkingsklas

Deur Hofbevel van 4 April 2008, het die Hof die Lufthansa Skikkingsklas voorlopig gesertifiseer en beveel dat hierdie kennisgewing aan persone en entiteite wat binne die definisie van die Lufthansa Skikkingsklas val ("Lufthansa Skikkingsklas Lede") voorsien word. Die Lufthansa Skikkingsklas is omskryf as:

> Alle persone en entiteite wat lugvrag verskepingsdienste aangekoop het vir verskepings binne, na, of van die Verenigde State (hierna "Lugvrag Verskepingsdienste"), insluitende dié persone en entiteite wat Lugvrag Verskepingsdienste aangekoop het deur middel van vragkarweiers, van enige lugvragkarweier (insluitende, sonder beperking, dié Verweerders wie in die Aksies genoem is en met name Lufthansa) en/of enige genoemde of ongenoemde samesweerders (gesamentlik "Verweerders") gedurende die periode 1 Januarie 2000 tot 11 September 2006. Uitgesonder van die Skikkingsklas is Verweerders, hulle respektiewe ouers, werknemers, filiale, en bondgenote, en alle owerheidsentiteite.

"Lugvrag Verskepingsdienste" is omskryf as lugvrag verskepingsdienste vir verskepings binne, na, of van die Verenigde State.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS, die Lufthansa Skikkingsklas verskil van die voorgestelde Klas wat in die Aksie omskryf is. Die Lufthansa Skikkingsklas sluit persone in wie aangekoop het van enige lugvragkarweier, insluitende lugvragkarweiers wie nie genoemde verdedigers in die Aksie is nie.

II. SAMEVATTING VAN DIE VOORGESTELDE SKIKKING MET LUFTHANSA

Die volgende beskrywing van die voorgestelde Lufthansa Skikkingsooreenkoms is slegs 'n samevatting. Die Lufthansa Skikkingsooreenkoms (insluitende vier wysigings wat aangebring is) is op rekord met die Hof by die adres aangedui in hierdie Kennisgewing en is beskikbaar by die amptelike Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikkings) webwerf (www.aircargosettlement.com).

Namens die Lufthansa Skikkingsklas, het Eisers die Lufthansa Skikking aangegaan. Lufthansa het ooreengekom om $85 miljoen te betaal en om Skikkingsklas regspraktisyne samewerking te opper in hulle voortdurende regsgeding teen die ander Verweerders. Die $85 miljoen deur Lufthansa betaal plus opgeloopte rente (die "Lufthansa Skikkingsfonds") sal onderhewig wees aan 'n vermindering van die bedrag wat Skikkingsklaslede wie hulle uitsluit van die Lufthansa Skikkingsklas sou ontvang het indien hulle in die Lufthansa Skikkingsklas gebly het en 'n geldige Eisvorm ingedien het. *Raadpleeg* Skikkingsooreenkoms, paragraaf 46. Eweneens, indien Lufthansa met enige entiteit wat dit van die Lufthansa Skikkingsklas uitsluit skik vir 'n groter bedrag dan die wat dit onder die voorwaardes van die Lufthansa Skikking sou ontvang het, sal Lufthansa verplig word om aanvullende skikkingsbedrae aan die Lufthansa Skikkingsklas te betaal. *Raadpleeg* Skikkingsooreenkoms, paragraaf 65. Lufthansa sal vrywaar word van alle beweerde eise teen dit namens die Lufthansa Skikkingsklas in die Aksie. Die Aksie sal voortduur teen die nie-skikkende Verweerders. Die Aksie sal ook voortduur teen Lufthansa vir alle beweerde eise in die Aksie wat nie vrywaar is onder die voorwaardes van die Lufthansa Skikkingsooreenkoms nie.

A. Samewerking Vereistes

Lufthansa se samewerking onder die Lufthansa Skikkingsooreenkoms sluit in onthulling van:

- dokumente en aantekeninge betreffende Lufthansa se afset van Lugvrag Verskepingsdienste binne, na, of van die Verenigde State;

- alle dokumente betreffende werklike of moontlike kommunikasies tussen twee of meer Verdedigers aangaande prysvasstelling of kliënte van Lugvrag Verskepingsdienste; en

- alle dokumente aangaande lugvrag handel binne, na, of van die Verenigde State wat Lufthansa aan die United States Department of Justice (Verenigde State Departement van Justisie), die European Commission (Europese Kommissie), of enige ander nasionale mededingingsowerheid wat die lugvrag nywerheid ondersoek (maar uitsluitende dokumente wat deur Lufthansa se prokureurs geskep is vir sodanige ondersoek).

Lufthansa het bowendien ooreengekom om ander dokumente wat toepaslik is aan die Eisers se eis te onthul op redelike versoek.

Die samewerking voorsien onder die Lufthansa Skikkingsooreenkoms eis ook dat Lufthansa met die Skikkingsklas Regspraktisyn vergader so dikwels redelik en noodsaaklik om die vervolging van die Aksie te ondersteun. Dié vergaderings sluit die behoefte in dat Lufthansa 'n noukeurige aanbieding lewer en alle bekende feite betreffende die beweerde anti-mededingende gedrag voorsien.

Lufthansa het ook ooreengekom om deklarasies of beëdigde verklarings, afsettings, en verhoorgetuienis van huidige of voormalige direkteure, amptenare, en werknemers van Lufthansa wie deur die U.S. Department of Justice (V.S. Departement van Justisie), die European Commission (Europese Kommissie), en enige ander nasionale mededingingsowerheid wat die lugvrag nywerheid ondersoek, beskikbaar te stel. Lufthansa het ooreengekom om by verhoor en/of afsetting, of deur middel van beëdigde eedverklarings of deklarasies, verteenwoordigers bevoeg om vas te stel vir toelating as bewys dokumente wat Lufthansa voorsien in dié Aksie en getuienis van Lufthansa se afset van Lugvrag Verskepingsdienste en/of verwante bybetalings, op te lewer.

B. Die Vrywaring

INDIEN U USELF NIE VAN DIE LUFTHANSA SKIKKINGSKLAS UITSLUIT NIE WANNEER DIE LUFTHANSA SKIKKINGSOOREENKOMS AFGEHANDEL WORD SAL U LUFTHANSA VRYWAAR VAN DIE EISE HIERONDER OMSKRYF, EN U SAL GEBONDE WEES AAN DIE VRYWARING IN DIE LUFTHANSA SKIKKINGSOOREENKOMS – SELFS AS U NIE 'N EISVORM INDIEN NIE OF DEELNEEM AAN DIE LUFTHANSA SKIKKINGSFONDS.

In wisseling vir Lufthansa se paaiement van $85 miljoen (onderhewig aan vermindering vir Lufthansa Skikkingsklaslede wie hulself uitsluit) en Lufthansa se wesenlike samewerking, sal Lufthansa Skikkingsklaslede verbonde wees aan die volgende vrywaring van eise, wat in die klasuitspraak ingesluit sal word, soos uiteengesit in die Skikkingsooreenkoms:

> **"Eise"** bedoel enige en alle aksies, regsgedinge, eise, regte, vorderings, aantuigings, bewerings, eisoorsake, strydpunte, prosedure, verliese, skade, benadelings, prokureursfooie, koste, uitgawes, skulde, aanspreeklikhede, uitsprake, of herstellings (óf regverdig óf wettelik).
>
> **"Vryware Partye"** sal gesamentlik en afsonderlik, individueel en kollektief, verwys na Lufthansa, sy voorgangers, opvolgers, ouers, filiale, afdelings, departemente, genote, erfgename, eksekuteurs, administrateurs, en enige en alle, voormalige, huidige, en toekomstige amptenare, direkteure, aandeelhouers, vennote, agente, prokureurs, dienaars, werknemers, en gevolmagtigdes. Nieteenstaande die voorafgaande, behels "Vryware Partye" nie (i) enige ander verweerder voorheen of huidiglik in die Aksies genoem nie; (ii) enige ander verweerder vervolgens bygevoeg of verbind aan die Aksies; (iii) enige ander samesweerder; en/of (iv) enige voormalige Lufthansa werknemer of direkteur wie bepaal is om te geweier het om saam te werk met redelike versoeke vir onderhoude, verklarings of verhoorgetuinis deur Skikkingsklas Regspraktisyn ('n aanroep op die reg van self-beskuldiging sal beoordeel word as afwysing van samewerking).

"Vrywarende Partye" sal individueel en kollektief, verwys na Eisers en alle [Lufthansa] Skikkingsklaslede, namens hulself en enige ander persoon of entiteit wat by of deur hulle eis as 'n erfgenaam, administrateur, legataris, voorganger, opvolger, ouer, filiaal, verteenwoordiger van enige soort, aandeelhouer, vennoot, direkteur, eienaar van enige soort, filiaal, gevolmagtigde, agent, werknemer, kontrakteur, prokureur, of versekeraar en aan Skikkingsklas Regspraktisyn, namens hulself of enige persoon of entiteit wat by of deur hulle eis as 'n erfgenaam, administrateur, legataris, voorganger, opvolger, ouer, filiaat, verteenwoordiger van enige soort, aandeelhouer, vennoot, direkteur, eienaar van enige soort, filiaal, gevolmagtigde, agent, werknemer, kontrakteur, prokureur, of versekeraar.

[D]ie Vrywarende Partye sal beoordeel word om, en sal hiermee, afstand doen van, vrywaar, en onophoudelik die Vryware Partye vryspreek van alle en enige Eise voortspruitend van, of op enige wyse verbonde aan, die prysvasstelling van of vergoeding verbonde aan lugvrag verskepingsdienste deur Lufthansa verskaf, enige ander lugvragkarweier (insluitende, sonder beperking, dié Verweerders in die Aksies genoem), en/of genoemde of ongenoemde samesweerders, vir verskeping binne, na, of van die Verenigde State (en spesifiek insluitende, sonder beperking, Eise op enige wyse verbonde aan vragtariewe, brandstof bybetalings, sekuriteits bybetalings, Verenigde State doeane bybetalings, oorlogrisiko bybetalings, kommissies, aansporings, kortings, krediete, opleweringe, of enige ander element van die prys van of die vergoeding verbonde aan lugvrag verskepingsdienste), of sodanige Eise op federale, staat, plaaslike, statutêre, of gemenereg, of enige ander reg, kode, reël of voorskrif van enige land of ander regsgebied wêreldwyd, insluitende bekende of onbekende, verdagte or onverdagte, beweer of onbeweer, voorsien of onvoorsien, werklik of voorwaardelik, verheffende of onverheffende Eise wat ingestel is, moontlik ingetel kon word, of in die toekoms moontlik ingestel kan word deur enige van die Vrywarende Partye in enige aksie of regstappe in enige hof of forum, in enige land of ander regsgebied wêreldwyd, ongeag regsteorie, en ongeag die tipe of bedrag van die las of skade geëis.

Niks hierin sal ontleed word om enige individuele eise gegrond om nalatigheid, kontrakbreuk, vrystelling op borgtog, versuiming om af te lewer, verlore goedere, beskadigde of vertraagde goedere, of soortgelyke eise betreffende Lugvrag Verskepingsdienste wat gedoen is ooreenkomstig met die Warsaw Convention (Warschau-pakt), vry te waar. Verder, sal niks hierin ontleed word om enige eis vry te waar wat slegs op gedrag na 30 September 2006 gegrond is. Lufthansa behou uitdruklik alle regte en verdedigings voor ten opsigte van enige nie-vryware eise.

Die Vrywarende Partye se ooreenkoms om nie eis in te stel teen enige Vryware Party nie vir enige handel, geberutenis, omstandigheid, aksie, versuiming om op te tree, of voorval van enige soort of tipe wat voortspruit uit of verwant is aan die Aksies of die vryware Eise [in die vorige paragrawe]. Dié Paragraaf sal nie geld vir enige aksie om [die Lufthansa] Skikkingsooreenkoms af te dwing. . . .

Die [vrywaring hierbo omskryf en die ooreenkoms hierbo omskryf] vorm 'n volledige en finale vrywaring deur die Vrywarende Partye.

Dié vrywaring ... vorm 'n verklaring van afstand van Section 1542 of the California Civil Code and Section 20-7-11 of the South Dakota Codified Laws (Seksie 1542 van die Kalifornia Siviele Prosesreg en Seksie 20-7-11 van die Suid Dakota Gekodifiseerde Wette), iedere van wat voorsien dat "['n] algemene vrywaring strek nie tot eise waarvan die krediteur nie weet of vermoed om in sy guns te bestaan nie teen die tyd van uitvoering van die vrywaring, wat indien deur hom bekend was, sy skikking met die skuldenaar aansienlik sou beïnvloed het," en 'n verklaring van afstand van enige soortgelyke bepaling, statuut, regulasie, reël of

regsbeginsel of regverdigheid van enige ander staat of toepasbare regsgebied. In verband met die verklaring van afstand en loslating in dié paragraaf uiteengesit, erken Eisers en iedere Skikkingsklaslid dat hulle bewus is dat hulle hierna feite moontlik kan ontdek bo en behalwe, of verskillend van, dié feite wat hulle besef of glo waar is in verband met die inhoud van [the Lufthansa] Skikkingsooreenkoms, maar dit is hulle bedoeling ... om alle Eise [in die vrywaring hierbo uiteengesit] volledig, finaal, en verewig vry te waar, en in bevordering van dié bedoeling sal dié vrywaring in effek voortduur nieteenstaande die ontdekking of bestaan van enige sodanige addisionele of verskillende feite.

* * * * *

Die Lufthansa Skikkingsooreenkoms skik of kompromitteer nie enige Eise nie, behalwe dié wat daarin uiteengesit is. Alle regte van enige Lufthansa Skikkingsklaslid teen voormalige, huidige, of toekomstige verweerders of medesamesweerders, enige voormalige Lufthansa werknemer, amptenaar of direkteur wie bepaal is om te geweier het om saam te werk met redelike versoeke vir onderhoude, verklarings of verhoorgetuinis deur Skikkingsklas Regspraktisyn, of enige ander persoon of entiteit anders as die Vryware Partye is spesifiek voorbehou deur Eisers en die Lufthansa Skikkingsklaslede.

III. DIE KANADESE KLASAKSIE

Ingesluit in dié pos is ‘n kennisgewing betreffende ‘n Kanadese klasaksie skikking met Lufthansa (die “Kanadese Lufthansa Skikking”). Die Kanadese Lufthansa Skikking hou verband met: Alle persone en entiteite wat Lugvrag Verskepingsdienste aangekoop het van enige lugvragkarweier vir verskeping binne, na, of van Kanada gedurende die periode 1 Januarie 2000 tot 11 September 2006, insluitende dié persone en entiteite wat Lugvrag Verskepingsdienste aangekoop het deur vragkarweiers.

Nietemin, alle lugvrag verskepings van Kanada na die Verenigde State en van die Verenigde State na Kanada sal regeer word deur die Verenigde State Lufthansa Skikking hierin bespreek, en nie die Kanadese Lufthansa Skikking nie.

IV. DIE KEUSES BESKIKBAAR AAN KLASLEDE ONDER DIÉ SKIKKING

A. Bly in die Lufthansa Skikkingsklas en dien ‘n Eisvorm in

Indien u ‘n persoon of entiteit is wat binne die omskrywing van die Lufthansa Skikkingsklas in Seksie I (C) hierbo val, dan sal u ‘n Lid wees van die Lufthansa Skikkingsklas tensy u kies om uitgesluit te word. As Lid van die Lufthansa Skikkingsklas, sal u belange aangevoer word deur die verteenwoordigende eisers en Skikkingsklas Regspraktisyn. Nietemin, kan u reël dat u eie prokureur namens u verskyn op u eie onkoste.

Indien u dié Kennisgewing per pos ontvang het, het u ook ‘n Eisvorm ontvang. Indien u dié Kennisgewing aanlyn nagaan, of ‘n afskrif op ‘n ander wyse dan pos van die Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikking) Eis Administrateur ontvang het, kan u ‘n Eisvorm aanlyn by www.aircargosettlement.com versoek of deur die Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikking) Eis Administrateur te skakel: V.S. en Kanada (Tolvry) op 1 (800) 749-3518; of Internasionaal (Tol) op 1 (941) 906-4822. ‘n Volledige lys tolvry en tol Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikkings) telefoon nommers per land is met die afstuur van hierdie Kennisgewing ingesluit, en die lys is ook aanlyn beskikbaar. U kan ook ‘n Eisvorm versoek deur aan die Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikking) Eis Administrateur by Air Cargo Settlement, c/o The Garden City Group, Inc., P.O. Box 9162, Dublin, OH 43017-4162, USA te skryf.

Voltooide Eisvorms moet aan die Air Cargo Settlement (Lugvrag Skikking) Eis Administrateur terug gestuur word aan Air Cargo Settlement, c/o The Garden City Group, Inc., P.O. Box 9162, Dublin, OH 43017-4162, USA. Dit moet nie later dan 12 Februarie 2009 geposmerk wees. Indien u versuim om 'n tydige, korrek-geadresseerde Eisvorm te pos, kan u eis afgekeur word en kan u belet word om enige vergoeding van die Lufthansa Skikkingsfonds te vorder.

B. <u>Sluit uself van die Lufthansa Skikkingsklas uit</u>

Om uself van die Lufthansa Skikkingsklas uit te sluit, moet u 'n skriftelike versoek indien wat duidelik moet verklaar:

(1) u naam, adres, en telefoonnommer;

(2) alle handelsname of besigheidsname wat u of u besigheid gebruik het, asook enige ouers, filiale of bondgenote wat Lugvrag Verskepingsdienste aangekoop het ten enige tyd gedurende die datums 1 Januarie 2000 tot 11 September 2006 wie ook versoek om van die Lufthansa Skikkingsklas uitgesluit te word;

(3) die naam van die Aksie (*In re Air Cargo Shipping Services Antitrust Litigation*) *(In re Lugvrag Verskepingsdienste Antitrust Litigasie)*;

(4) 'n getekende verklaring dat "Ek/ons versoek hiermee dat Ek/ons uitgesluit word van die Lufthansa Skikkingsklas in die *Air Cargo Shipping Services Antitrust Litigation, MDL 1775 (Lugvrag Verskepingsdienste Antitrust Litigasie) MDL 1775*"; en

(5) u word ook versoek om alle lugkarweiers van wie u Lugvrag Verskepingsdienste aangekoop het te identifiseer en die totale bedrag wat u betaal het vir Lugvrag Verskepingsdienste van 1 Januarie 2000 tot 11 September 2006 te skat.

Versoeke vir uitsluiting van die Lufthansa Skikking moet gestuur word per Eersteklas pos (u word versoek, maar nie verplig, om u uitsluitingsversoek per pos in te dien), geposmerk nie later dan 12 November 2008, aan:

Air Cargo Settlement
c/o The Garden City Group, Inc.
P.O. Box 9162
Dublin, OH 43017-4162 USA

Teneinde uitsluiting van die Lufthansa Skikkingsklas, moet u uitsluiting betyds versoek op die wyse hier uiteengesit selfs het u al of van plan is om u eie saak teen enige van die Verweerders in te dien gegrond op eise wat voortspruit uit die gedrag in kwessie in hierdie litigasie.

Indien u uself van die Lufthansa Skikkingsklas uitsluit, sal u nie gebonde wees aan die Lufthansa Skikkingsooreenkoms en kan u eise wat u teen Lufthansa het onafhanklik vervolg op u eie onkoste. Nogtans, indien u uself uitsluit, sal u nie geregtig wees op deelname in die Lufthansa Skikkingfonds. Inligting betreffende uitsluiting is ook beskikbaar op die Skikkingswebwerf by www.aircargosettlement.com.

C. Teken beswaar aan teen die Voorwaardes van die Skikking

Indien u nie uitsluiting van die Lufthansa Skikkingsklas versoek het nie en u beswaar neem aan die skikking, kan u persoonlik verskyn of deur middel van regspraktisyn (op u eie onkoste), by die Regverdigheidsverhoor om enige getuienis of argument te lewer wat die Hof billik en toepaslik beoordeel.

Teneinde u besware deur die Hof te laat hoor, moet u 'n skriftelike beswaar indien wat insluit:

(1) 'n kennisgewing van bedoeling om te verskyn;
(2) bewyse van lidmaatskap van die Lufthansa Skikkingsklas; en
(3) die spesifieke gronde vir die beswaar en enige redes hoekom u wil verskyn en gehoor word, asook alle dokumente of skrifte wat u wil hê dat die Hof moet oorweeg.

Sulke skriftelike beswaar moet by die Hof ingedien word en gepos word aan die Skikkingsklas Regspraktisyn en Lufthansa se Regspraktisyn by die adresse in Seksie VII hieronder vermeld, nie later dan 12 November 2008 nie. Enige persoon wat versuim om beswaar aan te teken op dié wyse sal beoordeel word om afstand te doen van sy besware en sal verbied word om enige sulke besware aan te teken in die Aksie of in enige ander aksie of prosedure, tensy andersins verskoon om goeie rede, soos deur die Hof belas.

D. Doen Niks

Indien u uself nie van die Lufthansa Skikkingsklas uitsluit nie en u nie 'n Eisvorm indien nie, sal u nie in aanmerking kom om vergoeding van die Lufthansa Skikkingsfonds te ontvang nie en sal u Lufthansa vrywaar van die eise wat in die Vrywaring beskryf word.

V. PLAN OF ALLOCATION (BEDELINGPLAN)

Die Hof het 'n plan goedgekeur vir die bedeling van die Skikkingsfonds (netto van Hof goedgekeurde prokureursfooie en vergoede litigasie uitgawes tussen Lufthansa Skikkingsklaslede; belasting op en belasting-verwante onkostes van die Lufthansa Skikkingsfonds, indien enige; die vermindering vir uitsluitings omskryf in Seksie II (B) van dié Kennis; en die arbitrasie onkostes, indien enige, omskryf in die Skikkingsooreenkoms, paragraaf 61). Die volgende is 'n samevatting van die Plan of Allocation ("POA") (Bedelingplan).

Die POA (Bedelingplan) sit uit een hoe die Lufthansa Skikkingsfonds, (na betaling van Hof goedgekeurde prokureursfooie en onkostes, en enige ander toelaatbare onkostes soos hierbo uiteengesit) sal toegeken en uitgedeel word aan Lufthansa Klaslede wat geldige Eisvorms indien. Beide direkte en indirekte aankope van Lugvrag Verskepingsdienste word in die POA (Bedelingplan) toegespreek. Soos uiteengesit in Seksie I (C) hierbo, bedoel "Lugvrag Verskepingsdienste" lugvrag verskepingsdienste van verskepings binne, na, of van die Verenigde State. Vir doeleindes van berekening van die pro rata deel van enige Lufthansa Klaslede se vergoeding, sal aankoopbedrae in valuta anders dan dollar omgesit word deur die Skikking Eis Administreur na gelykwaardige dollar bedrae deur gebruik van toepaslike wisselkoerse op 11 September 2006.

A. Omskrywings

'n **Direkte aankoop** van Lugvrag Verskepingsdienste is enige aankoping van sodanige diens deur 'n persoon of entiteit van enige lugvragkarweier sonder die gebruik van 'n derde party. Byvoorbeeld, 'n vervaardiger wie 'n lugvragkarweier betaal vir Lugvrag Verskepingsdienste het 'n direkte aankoping aangegaan. 'n Vragkarweier wie wie 'n lugvragkarweier betaal vir Lugvrag Verskepingsdienste het 'n direkte aankoping aangegaan.

'n **Indirekte aankoop** van Lugvrag Verskepingsdienste is enige aankoping van sodanige diens deur 'n persoon of entiteit waar die koper se betaling vir die Lugvrag Verskepingsdienste gemaak is aan 'n persoon of entiteit anders dan die lugvragkarweier wat die Lugvrag Verskepingsdienste verskaf. Byvoorbeeld, 'n vervaardiger wie Lugvrag Verskepingsdienste reël deur middel van 'n vragkarweier en wie die vragkarweier betaal het 'n indirekte aankoping aangegaan.

'n Aankoop van Lugvrag Verskepingsdienste vir verskepings *van* of *binne* die Verenigde State is 'n **Uitgaande** aankoping. 'n Aankoop van Lugvrag Verskepingsdienste vir verskepings aan die Verenigde State is 'n **Inkomende** aankoping.

'n **V.S. koper** van Lugvrag Verskepingsdienste is 'n koper wat in die V.S. gedomisilieerd is. 'n **Buitelandse koper** van Lugvrag Verskepingsdienste is 'n koper wat buite die V.S. gedomisilieerd is.

B. Verdeling – Direkte Aankope

Die POA (Bedelingplan) wys 82% van die Lufthansa Skikkingsfonds, (na betaling van Hof goedgekeurde prokureursfooie en uitgawes, en enige ander toelaatbare uitgawes soos hierbo uiteengesit) toe aan direkte kopers van Lugvrag Verskepingsdienste ("die Direkte Fonds"). Vir die doeleinde van berekening van 'n Lufthansa Klaslid se gedeelte van die Direkte Fonds, sal aankope van Inkomende Lugvrag Verskepingsdienste (*dws*, na die Verenigde State) waardeer word teen 1.625 maal die dollar bedrag van sodanige aankope. Geen vermenigvuldiger sal toegepas word aan Uitgaande Lugvrag Verskepingsdienste (*dws*, van of binne die Verenigde State). Na berekening van die voorlopige gedeeltes van alle direkte V.S. en buitelandse kopers (*dws*, die dollar bedrag van direkte aankope van Lugvrag Verskepingsdienste), ingevolge die POA (Bedelingplan), sal die Skikking Administrateur die direkte koper eisers in twee groepe verdeel: V.S. direkte kopers en buitelandse direkte kopers. Die voorlopige aandele toegewys aan direkte koper eisers in die V.S. direkte kopersgroep sal finaal wees. Die gedeelte van die Direkte Fonds wat uit die voorlopige gedeeltes van die V.S. direkte kopers bestaan, sal uitgedeel word aan die V.S. direkte koper eisers wat geldige Eisvorms ingedien het in verhouding met hulle aankoopbedrag.

Die voorlopige aandele toegewys aan buitelandse direkte koper eisers sal saamgebondel word om die Buitelandsefonds te skep. Die Buitelandse Fonds sal verder toegewys soos volg: 85 persent aan die buitelandse direkte kopers (die "Buitelandse Direkte Fonds") en 15 persent aan die buitelandse indirekte kopers (die "Buitelandse Indirekte Fonds"). Vir doeleindes van berekening van 'n finale Lufthansa Klaslid se gedeeltes van die Buitelandse Direkte Fonds en Buitelandse Indirekte Fonds, sal Inkomende Lugvrag Verskepingsdienste (*dws*, aan die Verenigde State) waardeer word teen 1.625 maal die dollar bedrag van sodanige aankope. Geen vermenigvuldiger sal toegepas word aan Uitgaande Lugvrag Verskepingsdienste (*dws*, van of binne die Verenigde State). Na die dollar bedrae van die buitelandse direkte aankope van Lugvrag Verskepingsdienste bepaal is, sal die toegewysde persentasie van sodanige vergoeding uitgedeel word van die Buitelandse Fonds aan dié buitelandse koper eisers wat geldige Eisvorms ingedien het in verhouding met hulle bepaalde aankoopbedrag.

C. Verdeling – Indirekte Aankope

Na die dollar bedrag van die buitelandse indirekte kopers van Lugvrag Verskepingsdienste bepaal is soos uiteengesit in die POA (Bedelingplan) soos omskryf hierbo, sal die toegewysde persentasie van sodanige vergoeding uitgedeel word van die Buitelandse Indirekte Fonds aan dié buitelandse indirekte koper eisers wat geldige Eisvorms ingedien het in verhouding met hulle bepaalde aankoopbedrag. Enige gelde wat in die Buitelanse Indirekte Fonds oorbly, soos deur die Hof belas, sal na betaling van alle geldige buitelandse indirekte koper eise bygevoeg word aan die Buitelandse Direkte Fonds vir uitdeling aan buitelandse direkte kopers.

Die oorblywende 18% van die Lufthansa Skikkingsfonds, (na betaling van Hof goedgekeurde prokureursfooie en uitgawes, en enige ander toelaatbare uitgawes soos hierbo uiteengesit) is aan V.S. indirekte kopers van Lugvrag Verskepingsdienste toegewys. Vir doeleindes van berekening van finale Lufthansa Klaslid gedeeltes van die Lufthansa Skikkings Fonds wat aan die V.S. indirekte kopers van Lugvrag Verskepingsdienste, Inkomende Lugvrag Verskepingsdienste (*dws*, aan die Verenigde State), sal waardeer word teen 1.625 maal die dollar bedrag van sodanige aankope. Geen vermenigvuldiger sal toegepas word aan Uitgaande Lugvrag Verskepingsdienste (*dws*, van of binne die Verenigde State). Na die dollar bedrag van indirekte aankope van Lugvrag Verskepingsdienste bepaal is, sal die Indirekte Fonds uitgedeel word aan dié Lufthansa Klaslede wat geldige Eisvorms ingedien het in verhouding met hulle bepaalde aankoopbedrae. Tot die mate dat die Indirekte Fonds nie uitgeput is nie, sal die oorblywende saldo by die Direkte Fonds gevoeg word om uitgedeel te word aan direkte kopers.

VI. PROKUREURSFOOIE EN KOSTES

Tot op datum, het die prokureurs wat die Eisers verteenwoordig en die voorgestelde Klas (insluitende die Lufthansa Skikkingsklas) in dié Aksie nie betaling vir hulle dienste of vergoeding vir hulle uitgawes ontvang nie. Soos hierbo genoem, is u nie persoonlik verantwoordelik vir betaling van die prokureursfooie of uitgawes. As vergoeding vir hulle tyd en die risiko van vervolging van die litigasie op ‘n geheel voorwaardelike basis, sal Skikkingsklas Regspraktisyn die Hof versoek om toekenning van prokureursfooie – om afgetrek te word van die Lufthansa Skikkings Fonds – in ‘n bedrag wat nie 30% van die Lufthansa Skikkings Fonds oorskry nie, asook vergoeding vir hulle uitgawes werklik opgeloop in die vervolging van die litigasie, wat nie $2.5 miljoen sal oorskry nie.

VII. DIE REGVERDIGHEIDSVERHOOR EN DIE REG OM BESWAAR TE NEEM

